



WOORDGESPREK

- Vir Bybelstudie, omgeegroepe en huisgeloof -

NG KERK RANDBURG

Week van 22 Maart – 1 Samuel 16:1-13

1. **Stil word en aanbidding:** Neem die afgelope week in oënskou. Dink terug aan alles wat ons gehoor het oor die Corona-virus. Hoe voel jy nou daarvoor? Waar was jy bewus van die Here se teenwoordigheid? Steek 'n kers aan en raak bewus van die Here se teenwoordigheid.
2. **Woord:** 1 Samuel handel oor die voorbereiding en die begin van die koningskap in Israel en eindig met die dood van Saul, die eerste koning. Dit bestaan uit drie dele of versamelings verhale: Verhale oor Samuel en die ark (1:1–7:17); oor Samuel en Saul (8:1–15:35); en dan oor Saul en Dawid (16:1–31:13) waarin hulle in kontras met mekaar gestel word. In 1 Samuel 15:34–16:3 word spesifiek gewys hoe dit gekom het dat Dawid in die plek van Saul koning geword het. Dié verhaal beklemtoon dat die Here nie toegelaat het dat die koninkryk van Israel saam met die eerste, mislukte koning daarvan, tot 'n val sou kom nie. Die Here bly steeds aktief betrokke by Sy koninkryk. In die verhaal is dit dan ook **die Here, wat sien, stuur, kies en laat self**.
3. **Gesprek:**
 - In vandag se kulturele milieu is die standaard 'gewoon' - (*average*) – eenvoudig nie 'in' nie. Net sukses-stories haal die voorblad, rolmodelle is dikwels mense wat ook al so deur 'Photoshop' is dat hulle self nie weet wie hulle rêrig is of hoe hulle regtig lyk nie! Hoe moet Christene hieroor dink?
 - Gesels hieroor: *God werk met die volgende praktiese beginsel: Die Here kyk nie na dieselfde dinge as die mens nie. Die mens kyk na die uiterlike, maar die Here na die innerlike.* (1 Sam 16 vers 7). *"Mense is meer besorg oor hul reputasie as oor hul karakter. Jou karakter (innerlike) is hoe jy regtig is en jou reputasie (uiterlike) is hoe ander dink jy is."*
 - Hoe wil hierdie verhaal ons help om anders na onself te kyk en ook te dink? God soek vir die "real deal"- die Here soek vir 'n man na sy hart" (1 Sam 13:14). Jy kan dalk nog ander bluf. Hy soek mense wat die 1 Joh 4:8 toets slaag, Die laaste toets gaan oor die **egte liefde** - nie oor die **regte leer** nie ...
 - En dan is dit ons ... God se kinders ... mense wat na ander mense kyk soos God na hulle kyk, want jy mag dalk net vir Jesus self miskyk. Dis na sulke mense wat God soek! Want deur gewone, egte mense doen God buitengewone dinge! Mense wat hulle afhanklikheid by God soek, wat loshande aan God vashou.
 - Dink hieroor: By ons doop word ons naam genoem en word ons gekoppel aan die Drie-enige God se name - in die Naam van die Vader, in die Naam van die Seun, in die Naam van die Gees - 'n teken dat ons gekies is deur God. Ja, dat God dink hierdie **niemand** van 'n baba is 'n **iemand**! Hy sien potensiaal raak in elke baba, elke mens ...
 - Raak vandag stil oor jou potensiaal wat God raaksien ... en jou bereidheid om daarvoor ja te sê ... ook in hierdie moeilike tyd in ons land ...

Bid saam ... daar is seker meer as genoeg waaroor ons kan bid!